# Die Onse Vader bewegings

**Onse Vader :**
Hou altwee hande gevou by jou hart;

**wat in die hemel is:**
Lig albei hande op na bo, palms wys na jou, elmboë gebuig;

**Laat U naam geheilig word:**
Draai nou jou palms na buite;

**Laat U koninkryk kom:**
Wys met jou regterhand na bo en dan in 'n vloeiende beweging na onder jou palm oop;

**Laat U wil geskied:**
Buig jou hoof;

**soos in die hemel:**
Wys met jou regterhand se wysvinger na bo;

**net so ook op die aarde:**
Gebruik albei hande se wysvingers en wys af na die aarde;

**Gee ons vandag ons daaglikse brood:**
Hou jou elmboë liggies teen jou lyf en hou jou hande palms na bo;

**En vergeef ons ons skulde:**
Maak jou arms oop na albei kante toe soos kruis;

**soos ons ook ons skuldenaars vergewe:**
Hou jou arms soos bo aangedui;

**En lei ons nie in versoeking nie:**
Hou hande op om te wys stop;

**maar verlos ons van die Bose:**
Hou hande in 'n x voor jou en beweeg dit dan af en weg van mekaar af asof jy losbreek;

**Want aan U behoort die koninkryk:**
**Buig;**

**en die krag:**
**Maak spiere met albei arms;**

**en die heerlikheid:**
**Lig albei arms na bo en wikkel jou hande en vingers;**

**tot in ewigheid:**
**Hou jou twee wysvingers bo bymekaar en trek dan 'n sirkel en die twee wysvingers ontmoet weer onder;**

**Amen:**
**Maak biddende hande.**